


# GEHOOR IN DIE MOOT

Nuusbrief 1
Newsletter 1
2019

Appointments/Afsprake: (012) 331 4469 / admin@gehoorindiemoot.co.za



## 20 jaar vol (trane) glimlag

Op 1 Februarie 1999 het ek my praktykdeur by Netcare Moot Hospitaal te 18de Laan in Rietfontein geopen. Ek was vir tien jaar daar werksaam, waarna ek verhuis het na die huidige perseel te 18de Laan 536 in Rietfontein.

Terugskouend staan een ding soos 'n paal bo water – nie een werksdag is soos 'n ander nie! Dit was 20 jaar van saam met die pasiënte lag en huil, oomblikke van gedeelde trane en vreugde. En altyd bevredigend.

Soveel gebroke ouers wat moes hoor dat hul baba/peuter 'n permanente gehoorverlies het en dan 'n jaar of wat later trots kom vertel hoe goed boet of sus met die apparate regkom en selfs daarna vra as dit soggens nie gou genoeg in hul ore gesit word nie. Glimlagtyd!

'n Mens raak geheg aan die pasiënte wat ons gereeld besoek en ons het al dikwels saam met die familie oor die heengaan van 'n geliefde getreur. Wanneer die familie die pasiënt se gehoorapparate aan die praktyk skenk, kan dit weer aan iemand wat nie oor fondse beskik nie, gegee word. My beloning lê daarin as die pasiënt terugkom en opgewonde vertel dat hul vir die eerste keer in jare weer soggens die voëltjies kan hoor kwetter. Natuurlik is daar dié mense wat mor dat hulle hul wederhelf nou te goed kan hoor!

Wat ek deur die jare opgemerk het, is dat die ondersteuning en begrip van familie en vriende vir 'n pasiënt met gehoorverlies baie belangrik is. Diegene wat positief benader en aangemoedig word, raak baie makliker daaraan gewoond om apparate te dra. Pasiënte is geneig om te gou moed op te gee as hulle nie regkom nie en hulle kom ook nie terug vir hul opvolg besoeke nie. Dikwels is daar net 'n klein verstelling nodig, maar hoofsaak is die pasiënt se eie ingesteldheid. Hier is vasbyt die wagwoord. Eendag verstaan jy en jou apparate mekaar goed en jy wonder hoe jy ooit sonder hulle klaargekom het.

Natuurlik was die trek na my eie perseel 'n hoogtepunt. Wat 'n luukse om soveel ruimte te hê. Aangesien die pasiënte eintlik 'familie' word, is dit vir my lekker om hulle in 'n gesellige atmosfeer te verwelkom waar hulle gerus kan wees dat hul voertuig veilig binne parkeer is. Hulle is ook welkom om in die tuin rond te stap terwyl hulle vir hul afspraak wag. Die kleintjies kan hulself in die speelkamer vermaak.

Nog 'n hoogtepunt is die tegnologie wat elke jaar net meer vorder. Ek en my oudioloë het deur die jare hard gewerk om op hoogte te bly met ontwikkeling en vooruitgang in die veld van gehoorapparate. Vele kongresse en opleidingsessies is bygewoon, en honderde navorsingsartikels is deurgewerk! Daar was nog nooit so 'n verskeidenheid gehoorapparate en bybehore beskikbaar soos nou nie. Werklik iets wat vir elkeen se gehoorvermoë geskik is.

Ek moet erken – toe ek begin dink het aan wat om hier te skryf, het ek besef dat die hoogtepunte die laagtepunte by verre oortref, en dit sou nie moontlik gewees het sonder my toegewyde personeel, lojale verwysende dokters en julle, my pasiënte nie.

## Twee vlieë met *EEN* klap

Sommige mense met permanente gehoorverliese wil nie gehoorapparate dra nie, want dis so sigbaar en groot...


Vir ander dui die gedagte aan die gereelde vervanging en aankoop van sink batterye op 'n beslommernis.

Uiteindelik is die antwoord hier:

- Signia/Siemens se nuwe Styletto gehoorapparate is mooi om na te kyk en stylvol. Dit is liggewig en gemaklik om te dra en verskaf natuurlike klankkwaliteit.
- Die laaier wat die litium batterypak snags laai, verseker geen meer aankoop of vervanging van batterye nie.

Beskikbaar in 1Nx, 2Nx, 3Nx, 5Nx en 7Nx reekse in drie kleure, asook in 3Nx-, 5Nx- en 7Nx-Connect reeks om sodoende oproepe en musiek vanaf u iPhone direk na albei apparate te herlei.





# HELP! Ek het 'n probleem

| Probleem | Moontlike redes | Oplossings |
|---|---|---|
| Apparaat is dood/verminderde klank. | * Battery is pap.<br>* Wasfilter is verstop.<br>* Pypie is geknak/het vog in.<br>* Silikoon proppie (dome) is verstop. | * Vervang met nuwe battery/laai in laaier.<br>* Verwyder wasfilter en vervang met nuwe een.<br>* Bring na praktyk dat ons u pypie vervang.<br>* Vervang self met nuwe dome of bring na praktyk. |
| Apparaat fluit/skreeu/whee!-geluid. *('n Werkende apparaat moet fluit as dit in u hand is of as u besig is om dit in te sit, maar NIE as apparaat korrek in oor is NIE).* | * U oorstuk sit te los en klank lek uit.<br>* U het 'n opbou van oorwas in oorkanale.<br>* Pypie is stukkend | * Besoek u oudioloog dat sy vir oorwas en na die toestand van u oorstuk kan kyk.<br>* Vervang self pypie, of laat ons help. |
| Apparaat werk soms en dan weer nie. | • U sweet baie en u apparaat het vog in.<br>• Elektroniese fout soos mikrofoon van apparaat wat geblok is. | * Plaas **elke** aand u apparate in houer met drogingskapsule of skaf 'n elektroniese drogingstel aan.<br>* Moet nie u apparaat self probeer herstel nie – bring dit na die praktyk. |

**LET WEL:** U waarborg sal verval indien u u gehoorapparaat self probeer herstel of indien u dit neem na 'n sake-onderneming wat dit self herstel en dit nie na die vervaardiger stuur nie. Slegs die vervaardiger is gemagtig om die apparaat oop te maak.

# Smartphone Apps and Online Resources for Hearing Aid Users

*If you are the type of hearing aid user who embraces technology, there are many resources available to help improve your listening experience.*

## Smartphone Applications

Most of the major hearing aid suppliers now have applications available in both the Apple App Store (iPhone) and the Google Play Store (Android smartphones such as Samsung, LG and Huawei).

Depending on your specific phone and hearing aid model, an app may be used to control your hearing aid's volume, listening programme and directional focus. You may also be able to stream calls to your hearing aids directly, or with a small Bluetooth microphone accessory which pairs to your phone.

The following apps are currently available for Signia, Widex and Beltone hearing aids:

Signia Touch Control
Signia MyControl
Widex Tonelink
Widex Evoke
Beltone HearMax

Download the apps here:
Available on the App Store
Google play

## Additional Online Video Resources

YouTube

A number of the hearing aid manufacturers also have video tutorials on their websites, which can be very useful for reminding you about the basic functions of your hearing aids e.g. replacing the batteries.

Videos for Signia (Siemens) hearing aids can be found at www.signia-hearing.co.za/how-to-videos or on their YouTube channel.

Videos for Widex hearing aids can be found at www.widex.co.za/en-za/support/maintenance or on their YouTube channel.

Here are just a few of the video tutorials currently available:

How hearing works
The latest range of Signia Nx products
The latest range of Widex Evoke products
How to change a Signia BTE battery
How to change a Widex BTE battery
How to change a Widex ITE battery
How to clean a BTE hearing aid
How to clean an ITE hearing aid
How to use the Signia Touch Control App
How to use the Widex Evoke App
How to pair your Signia Nx hearing aids with your iPhone
How to pair your Widex Evoke hearing aids with your iPhone